

## **Sing vooraf staande: Psalm 66:6 (p. 321)**

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgeware, / nou dat ek weer kan asemhaal,  
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.  
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;  
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 47:1 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,  
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

## Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

## Psalm 128:1 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,  
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan  
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet  
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Gebed

Amen.

## Psalm 71:10, 14 (p. 355)

- 10 Nou kom ek aan met forse skrede, / my lof is sonder maat, / vir u verlossingsdaad.  
Ek meld van jeugtyd en verlede – / hoe U my, onervare, / gelei het al my jare.
- 14 Ek sing 'n lofsang by my snare, / 'n lied van troos en trou / waarin 'k u lof ontvou,  
o Heilige by Isr'els skare! / Ek roep, tot vreug herbore: / "Verlos, en nie verlore!"

Skriflesing: Efesiërs 2

Teks: Efesiërs 2:8

**Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself  
nie: dit is die gawe van God. (Efesiërs 2:8 AFR53)**

Ons het hier die eenvoudige beginsel van ons godsdienst dat ons deur die Here Jesus  
verlos word.

- Geen mens kan homself verlos nie.
- Maar dit beteken ook nie dat almal hel toe gaan nie.
- Daar is verlossing moontlik, solank as wat ons net altyd besef waar dit vandaan  
kom, en hoe dit ons eie word.

Ons leer uit die Bybel iets baie belangriks: God gee altyd en die mens neem altyd.

- As ons mooi hieroor dink, dan sal u besef dat God altyd gee: Hy gee ons hemel en  
ons aarde vir ons.
- Hy gee die heerlikheid van die skepping vir ons.
- Hy maak ons ook, en gee lewe aan ons. Hy gee ons vir mekaar.

Dink nou net vir die oomblik daaraan dat ons almal God se skepsele is en dat ons almal sy beeldraers is.

- Tot sover klink dit goed, maar dan onthou ons terselfdertyd dat ons geskende beeldraers is.
- Ons liggame en ons siele word meer tot die beskikking van die sonde gebruik as tot eer van God.

Maar die belangrikste is seker dat Hy 'n Verlosser en verlossing aan ons gee.

- En dat Hy sy beskerming aan ons gee en ons bewaar tot die laaste dag toe wanneer Hy ons met sy wederkoms in sy koninkryk inneem.
- Daar gee Hy vir ons die onverganklike nuwe hemel en die nuwe aarde waar sy heerlijkheid alles so oorspoel dat die son nie eers nodig het om daar te skyn nie omdat God se heerlijkheid die lig gee.

Dit is sekerlik vir die mens die grootste van al God se gawes – die gawe van verlossing.

- In die evangelie volgens Johannes staan daar dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het.
- Die Here Jesus is op ons aarde gebore as een van ons.
- Die Woord wat die wêreld geskape het, het gekom en mens geword om 'n deel van sy skepping wat geval en ook verval het, te red en te herskep.

God se grootste geskenk aan ons!

In ons teksvers staan die woord *genadegawe*.

- 'n Genadegawe is 'n vrye geskenk.
- Dit is iets groots wat jy kry, sonder dat jy daarop geregtig is, en ook sonder dat jy daarvoor hoef te betaal.
- Jy kry dit net doodeenvoudig.

Teenoor God wat altyd gee, staan die mens. Die mens verskil heeltemal van God.

- Die mens wil net altyd hê – ook wat en wanneer hy nie kan kry nie.
- Die mens is inderdaad 'n selfsugtige wese wat vir homself alles opeis.
- Hy was nog maar pas geskape, toe eis hy al vir hom 'n posisie langs God op.

Met hierdie groot sondige gebeurtenis het die mens dus alle lewe in die skepping verwoes!

- Dis logies dat dit so was, want daarna staan alles onder die vloek van die dood.
- Die mens se hele geskiedenis teken hom as 'n verwoester.
- Spoedig na die sondeval verwoes hulle al mekaar se lewens.

Daarmee het die mens die lewe van die hele skepping weggeneem!

- Die Here sê dat die aarde vervloek is om die mens se ontwil.
- Die aarde het ook daarna dorings en distels voortgebring – met ander woorde dit het dadelik sy vermoë om tot eer van God net vrugbaar te wees en net goeie opbrengste te lewer, verloor.
- Ons lees ook in Openbaring dat die *ou hemel en die ou aarde* voor die aangesig van God weglug met die wederkoms.

Die mens het in hierdie poging van hom om vir homself 'n posisie langs God op te eis, ook sy eie lewe verloor.

- Dis altyd so: as jy die grootheid van God se gawes minag, dan verwerf jy die dood.
- Daarom spreek God die doodstraf oor hom uit.

Daarna het die mens nie op die pad van berou probeer beweeg en probeer om die verhouding tussen hom en God te verbeter of te herstel nie.

- Nee, in sy grypsug en in sy nuut verworwe haat het hy en sy nasate dag na dag al verder versleg totdat God verplig was om die aarde met die sondvloed te reinig.
- Die hele goddelose mensdom het verdrink, en net een familietjie van agt mense is gered.

Selfs nadat hierdie gereddes weer gevestig is, nadat die water weggedroog het, het hulle in vernietigende selfgeregtigheid verder gelewe.

- Afgesien daarvan dat hulle hulle teen God gaan verset het en geweier het om langer vir Hom te luister, het hulle haat teenoor mekaar ook toegeneem.
- Elke mens het gedink dat hy die reg het op alles wat hy begeer.
- Hy het sy ware begrip en onderskeidingsvermoë jammerlik verloor.

Tog het God ook die lewe wat ons so verwoes het, weer herstel.

- Ons het dit nie verdien nie – maar God se genade is gelukkig so groot dat dit ons verstand te bowe gaan.
- Die Here Jesus Christus het kom leef en sterf.
- Met sy dood en opstanding uit die dood het Hy die mens se herstel uit die dood ook laat sigbaar geword.

In hierdie daad is daar weer die kontras wat daar is tussen ons en God.

- Hy gee die verlossing.
- Daarteenoor staan die mens wat van nature selfsugtig is en wat dikwels glo dat hy die reg daarop het. Hy wil voorskryf hoe en waar.

Dan kom God met 'n totaal ander geskenk. Hy maak vir hierdie sondeverdonkerde mens die deure oop na die nuwe wêreld toe.

- Maar die Here doen dit anders as wat ons gedink het. Hy sny die moontlikheid dat ons op eie krag daar kan kom, heeltemal af.
- Hy gee dit as 'n geskenk.

In hierdie geskenk raak ons hebsug en eiegeregtigheid heeltemal weg.

- God gee die ewige lewe heeltemal verniet.
- Die ewige lewe is nie 'n reg nie – dit was dit ook nooit nie.
- Die genadegawe om verlos te mag wees, maak die voorreg om die ewige lewe te kan hê net nog duideliker.

*Romeine 3:12 en 23 stel dit baie duidelik dat ons almal afgedwaal het en almal ontaard het, en dat ons almal ook gesondig het en ver van God af is.*

Maar saam met hierdie woorde staan in ons teks:

**... uit genade is julle gered ...**

- Dis 'n gawe van God.
- Julle is bevry van die mag en die houvas van die duiwel en die sonde en die dood.
- Julle gesindheid moet net verander en besef watter voorreg dit is en glo in die Here Jesus Christus!

Jy moet nou lewe met 'n gesindheid van ware dankbaarheid oor hierdie volmaakte bevryding wat jy gekry het.

- Die vertrapper van die lewe is nou in die Here Jesus se verdienste onder jou voete en jy kan hom teenstaan.
- Maar dan moet jy ook daarvoor bid.
  - Gebed is deel van jou nuwe gesindheid.
  - Gebed is ook die vernaamste deel van jou dankbaarheid.

As ons eerlik dankbaar is, broeders en susters, dan gaan ons onself nog baie dae betrap waar ons voortstropel in die verkeerde dinge.

- Maar dink dan daaraan dat die Here u iets nuuts en volmaaks in die plek daarvan gegee het.
- Gaan benut dan liever die nuwe – die verlossing, die oorwinning.
- Betoon berou, en luister na God, sodat u daadwerklik bekeer kan word van die verkeerde.

God het ons van lewensverwoesters af verander na lewensontvangers.

- Troetel hierdie genadegawe.
- Troetel die geloofskant en die fisiese kant daarvan – want dis die kosbaarste geskenk wat ons het.

*Nie net omdat ons dit by God gekry het nie, maar ook omdat dit ons terugneem na Hom toe.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 116:4, 7 (p. 569)

- 4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.  
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.
- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?  
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 2 Maart 2014